# DIE SKIETLOOD

203e Uitgawe 17 Junie 2022
saam met Koersvas 203

Koersvas en Die Skietlood is die mondstukke van die GHG. Standpunte in die *Die Skietlood* is nie noodwendig die standpunt van die GHG nie. Redakteur: Dr Johan Otto

## Die Dordtse Leerreëls

**Hoofstuk 3 en 4: Die verdorwenheid van die mens, sy bekering tot God en die wyse waarop dit plaasvind**

**Teks 15**. *Hierdie genade is God aan niemand verskuldig nie. Wat sou God immers aan iemand skuld wat Hom vooraf niks kan gee nie en waarvoor hy dan vergoed moet word? Inderdaad, wat sou God aan die mens verskuldig wees wat self niks anders as sonde en leuens het nie? Die mens wat hierdie genade ontvang, is aan God alleen ewige dankbaarheid verskuldig en hy dank God ook daarvoor. Die mens wat hierdie genade nie ontvang nie, heg geen waarde aan hierdie geestelike dinge nie en skep net in sy eie dinge behae, of beroem hom, sonder om na te dink, tevergeefs op wat hy het, terwyl hy niks het nie. Verder moet oor hulle wat hulle geloof in die openbaar bely en hulle lewe verbeter, volgens die voorbeeld van die apostels, baie gunstig geoordeel en gepraat word, want die binneste van die hart is aan ons onbekend. Vir die ander wat nog nie geroep is nie, moet ons tot God bid wat die dinge wat nie bestaan nie, roep asof hulle bestaan. Ons mag ons volstrek nie teenoor hulle in trotsheid verhef asof ons onsself in so 'n bevoorregte posisie geplaas het nie. Hanc gratiam DEUS nemini debet. Quid enim debeat ei, qui prior dare nihil potest, ut ei retribuatur? Imo quid debeat ei, qui de suo nihil habet, præter peccatum et mendacium? Qui ergo gratiam illam accipit, soli Deo æternas debet et agit gratias; qui illam non accipit, is aut hæc spiritualia omnino non curat, et in suo sibi placet: aut securus se habere inaniter gloriatur, quod non habet. Porro de iis, qui externe fidem profitentur, et vitam emendant, optime secundum exemplum 568apostolorum judicandum et loquendum est, penetralia enim cordium nobis sunt incomperta. Pro aliis autem qui nondum sunt vocati, orandus est Deus, qui quæ non sunt vocat tanquam sint. Neutiquam vero adversus eos est superbiendum, ac si nosmetipsos discrevissemus.*

**Verklarende kommentaar**

Romeine 11:33-36 "*o Diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë! Want wie het die gedagte van die Here geken, of wie was sy raadsman gewees? Of wie het eers iets aan Hom gegee, dat dit hom vergeld moet word? Want uit Hom en deur Hom en tot Hom is alle dinge. Syne is die heerlikheid tot in ewigheid. Amen*". Met hierdie Skrifwoorde in ons harte is dit duidelik dat God die mens niks verskuldig is nie. Die mens wat dink dat hy aan God kan voorskryf of God kan manipuleer misgis, homself gruwelik.

Die is God se genade. God is die Almagtige, en Hy kan kies hoe om met die mens om te gaan. Genade is per definisie iets wat gegee word. Die WAT stel: *"Goedertierenheid, onverdiende vergewensgesindheid — veral van God; die vrye uitvloeiing van Gods liefde sonder verdienste of aanspraak van die ontvanger; goedheid, guns wat sonder enige verpligting bewys word, welwillendheid wat deur 'n hooggeplaaste aan 'n mindere bewys word*." God skuld geen mens hierdie gawe nie. Geen mens of wese het iets gedoen wat kan maak dat

God onder verpligting is om iets te gee nie.
Die retoriese vraag onderstreep hierdie feit: "*Wat sou God immers aan iemand skuld wat Hom vooraf niks kan gee nie en waarvoor hy dan vergoed moet word?"* Agter 'n begrip soos ruilhandel of skuld lê die gedagte dat die een party iets het wat die ander party nodig het, of iets kan gee of doen wat tot die ander party se voordeel sal wees. Die konsep van resiprositeit kom ter sprake. WAT "*resiproseer 1 Op 'n wederkerige manier gee en neem sodat die partye wat betrokke is, gelyke behandeling en voordele geniet. 2 Dieselfde aan 'n ander doen as wat aan jou gedoen is*." Die situasie waar mense dink God is verleë oor die mens, is onhoudbaar. Die mens is net sterflike sondaar, geneig tot leuens. Daar is buiten die sonde en leuens niks substantief aan die mens nie. Nooit kan ons sonde en leuen substantief positief noem nie. Die teendeel is waar; die mens se sonde en leuens is 'n vernietigende krag wat op die dood uitloop. Dit is daarom ondenkbaar dat God iets aan die mens skuld; dit aan die mens verskuldig is om aan die mens iets te gee.
Die een-rigting van genade is duidelik. God gee en die mens ontvang. Daar is iemand wat iets skuld; die mens is ewig aan God dankbaarheid verskuldig. Die mens kan net elke keer weer God dank vir die genade wat ontvang word. Hierdie een-rigting van genade verander nie en kan nie by versadigingspunt kom nie. Indien dit tot 'n einde kon kom, sou dit impliseer dat die sonde iets anders as die bodemlose donker put van boosheid is. Dit beteken dat die mens in ewigheid dankbaar sal en moet wees vir die genade wat God gee.
Die mense wat hierdie genade nie ontvang nie, heg vanselfsprekend geen waarde aan hierdie wonderlike geestelike geskenk nie. Hierdie mense fokus op hul eie dinge en eie waarde. Mense sonder genade leef onder die illusie dat hulle iets van waarde het of kan doen. Mense roem hulself soms dan ook op eie prestasie; al het hulle niks om werklik op te roem nie.
Dit is ons as mense nie beskore om mekaar se harte en diepste denke werklik te kan ken nie. Niemand weet waarlik wat in iemand anders se hart aangaan nie. Ons kan net op die sigbare oordeel. Vir hierdie rede is dit belangrik dat ons positief sal wees oor diegene wat hulle geloof in die openbaar bely en daarmee saam hulle lewens probeer verbeter. Hierdie verbetering van die eie lewe geskied gewoonlik met die lewens van die apostels as voorbeelde wat trek.
Gelowiges moet altyd bid vir die mense wat nie glo nie of nog nie tot geloof gekom het nie. Gelowiges moet telkens tot die almagtige God bid dat Hy lewe in hulle doodsbestaan sal spreek en in hulle geloof sal verwek. Dit is uitgesluit dat gelowiges ooit sal roem in hulle geloof. Gelowiges sal nie roem teenoor ongelowiges of hulself beter ag as diegene wat nie glo nie. Dit is immers nie uit eie prestasie dat gelowiges wel glo nie.

**Teks 16**. *Die mens het egter deur die sondeval nie opgehou om 'n mens, toegerus met verstand en wil, te wees nie. Die sonde, wat die hele menslike geslag deurdring het, het die natuur van die mens nie weggeneem nie, maar dit bederf en in geestelike sin gedood. Daarom werk hierdie Goddelike genade van die wedergeboorte nie in die mense asof hulle stokke en blokke is nie; ook vernietig dit nie die wil en sy eienskappe nie, en*

*dwing dit nie met geweld teen sy sin nie. Die genade maak die wil geestelik lewend, genees, verbeter en buig dit tegelykertyd lieflik en kragtig. Terwyl sondige opstandigheid en verset vroeër volkome oorheers het, begin 'n gewillige en opregte gehoorsaamheid aan die Gees nou die oorhand kry. Hierin lê die ware en geestelike vernuwing en die vryheid van ons wil. Inderdaad, as die wonderlike Werkmeester van alle goeie dinge nie so met ons gehandel het nie, dan sou die mens glad geen hoop hê om deur sy vrye wil uit die sondeval op te staan nie. Deur sy vrye wil het hy homself, toe hy nog gestaan het, in die verderf gestort. Sicuti vero per lapsum homo non desiit esse homo, intellectu et voluntate præditus, nec peccatum, quod universum genus humanum pervasit, naturam generis humani sustulit, sed depravavit, et spiritualiter occidit; ita etiam hæc divina regenerationis gratia, non agit in hominibus tanquam truncis et stipitibus, nec voluntatem ejusque proprietates tollit, aut invitam violenter cogit, sed spiritualiter vivificat, sanat, corrigit, suaviter simul ac potenter flectit: ut ubi antea plene dominabatur carnis rebellio et resistentia, nunc regnare incipiat prompta, ac sincera Spiritus obedientia; in quo vera et spiritualis nostræ voluntatis instauratio et libertas consistit. Qua ratione nisi admirabilis ille omnis boni opifex nobiscum ageret, nulla spes esset homini surgendi e lapsu per liberum arbitrium, per quod se, cum staret, præcipitavit in exitium.*

**Verklarende kommentaar**

Die sondeval het die mens verander en tog het die mens dieselfde gebly, met ander woorde die mens het nie ophou om mens te wees by die sondeval nie. Die aard van die mens het net verander by die sondeval. Die mens beskik steeds oor rede, verstand en die eie wil om self te kan besluit.

Wat wel gebeur het met die wese van die mens, is dat die mens se natuur bederf en is in 'n sekere sin gedood is deur die sonde. Die mens se menswees het nie verander nie, maar die mens het na die sondeval van nature verander. Die mens se wese is so bederf dat ons kan stel dat dit in geestelike sin dood is.

Die feit dat die mens steeds mens gebly het na die sondeval, maak dat ons nie skielik van die mens as 'n ding kan praat nie. Die mens as eenheid van liggaam siel en gees moet altyd in daardie sin verstaan word. God maak ook erns met die mens as holistiese wese. God begin nie die mens as ding (stokke en blokke) behandel nie. God bly in persoonlike interaksie met die hele mens besig. God se genade is persoonlik, gerig tot die persoon. Die mens se eienskappe en eie wil word nie deur die genade vernietig nie, die mens bly in genade steeds mens met eie persoonlikheid en wil. God dwing ook nie met geweld die mens teen sy sin of wil om te verander nie.

Die wonderbaarlike werking van God se genade maak dat die mens na geaardheid en wil lewend gemaak word. God se genade maak die gees van die mens weer 'n lewende krag. Die menslike natuur wat geestelik dood was weens die sonde, word nou weer lewend, positief, kragtig. Die menslike wil word deur genade positief gebuig om die goeie te doen.

Die begenadigde mens verander en word in wil en strewe gehoorsaam en bereid om God se leiding gewillig te volg. Die opstandige verset van die dooie mens word herskep tot bereidwillige dienswilligheid. Deur God se genade verander ons; kry ons 'n vryheid wat die wil buig tot gehoorsaamheid. Dit is deur God se genade dat ons die sonde en dood agterlaat en nou onder God se hand lewe. Die nuwe mens luister nie na die ou sondige wil nie. Daardie wil het die mens

tot skande, sonde en dood gebring. Die nuwe wil deur genade lewend gemaak, bring die mens by die ware lewe.

**Teks 17**. *Die almagtige werking van God, waardeur Hy ons natuurlike lewe skep en onderhou, sluit nie die gebruik uit van die middele waardeur God na sy oneindige wysheid en goedheid hierdie krag van Hom wil uitoefen nie, maar eis juis dat hulle gebruik sal word. Net so sluit hierdie bonatuurlike werking van God, waardeur Hy ons weergebore laat word, volstrek nie die gebruik van die evangelie uit en werp dit ook nie omver nie. Inteendeel, die alwyse God het dit tot 'n saad van die wedergeboorte en tot voedsel vir die siel bestem. Die apostels, en die leraars wat hulle opgevolg het, het dan ook die mense oor hierdie genade van God, tot sy eer en tot onderdrukking van alle hoogmoed, gelowig onderrig. Hulle het ook nie nagelaat om die mense ondertussen deur middel van heilige vermanings uit die evangelie, onder die bearbeiding van die Woord, van die sakramente en van die kerklike tug te hou nie. Net so moet hulle wat in die gemeente onderrig gee of die wat onderrig ontvang, hulle ook nie nou aanmatig om God te versoek deur die dinge te skei wat Hy na sy welbehae wou saamvoeg nie. Deur die vermanings word die genade immers gegee, en hoe gewilliger ons ons amp uitoefen, des te heerliker word die weldaad, wat God in ons werk, openbaar. So vorder God se werk op die allerbeste manier. Aan dié God alleen kom toe, vanweë die middele sowel as vanweë die verlossende vrug en krag daarvan, alle heerlikheid tot in ewigheid. Amen. Quemadmodum etiam omnipotens illa Dei operatio, qua vitam hanc nostram naturalem producit et sustentat, non excludit sed requirit usum mediorum, per quæ Deus pro infinita sua sapientia et bonitate virtutem istam suam exercere voluit: ita et hæc prædicta supernaturalis Dei operatio, qua nos regenerat, neutiquam excludit, aut evertit usum Evangelii, quod sapientissimus Deus in semen regenerationis, et cibum animæ ordinavit. Quare, ut Apostoli, et qui eos secuti sunt doctores, de gratia hac Dei ad ejus gloriam et omnis superbiæ depressionem, pie populum docuerant, neque tamen interim sanctis Evangelii monitis, sub verbi, sacramentorum, et disciplinæ exercitio eum continere neglexerunt: sic etiamnum, absit, ut docentes aut discentes in Ecclesia Deum tentare præsumant, ea separando, quæ Deus pro suo beneplacito voluit esse conjunctissima. Per monita enim confertur gratia, et quo nos officium nostrum facimus promptius, hoc ipso Dei in nobis operantis beneficium solet esse illustrius, rectissimeque ejus opus procedit. Cui soli omnis, et mediorum, et salutaris eorum fructus atque efficaciæ debetur gloria in sæcula. Amen.*

**Verklarende kommentaar**

God is die Almagtige Skepper. Alles behoort aan God. God kan weer en meer. God beskik oor alles wat Hy geskep het, met ander woorde oor alles. God kan alles gebruik soos dit Hom behaag. Dit sluit ons as mense in. Dit sluit alles rondom ons in. Dit beteken dat God alles rondom ons kan gebruik om hierdie genade aan ons duidelik te maak en te laat tuiskom. Die wysheid van God kan nie gepeil word nie. Sy goedheid kan ons nooit begryp of onder woorde bring nie. Sy gebruik van alles rondom ons - natuurlik en bonatuurlik - moet met vreugde en dankbaarheid bely word.

God se genade geskied in die besonder juis die Evangelie en die verkondiging van hierdie blye boodskap. Alles tot God se beskikking word gebruik om hierdie Boodskap te bevorder en daar is nie iets wat hierdie Evangelie kan omverwerp of ondergrawe nie.

Die Evangelie en die verkondiging van hierdie Evangelie deur alle middele beskik deur God, is die saad van wedergeboorte en ook die voedsel wat

hierdie geloof laat groei. Dit is hierdie Evangelie wat verkondig word, waarin mense onderrig word en aangespreek word. Hierdie taak word in nederigheid gedoen, erkentlik teenoor God vir die genade wat elkeen van ons tot die lewe roep.
Die taak van verkondigers is om die Evangelie te verkondig, dit uit te lê, die sakramente te bedien en die tug toe te pas waar dit nodig is. Hierdie arbeid word met toewyding sonder aansien des persoon gedoen.
Dit is aanmatigend om in die kerk se arbeid te wil onderskei tussen mense. Almal wat God se genade in hulle lewens het, behoort aan God en dit is die kerk se taak om God se werk te doen. Deur met toewyding te werk, word God se weldaad aan die mens des te meer duidelik, en God ontvang die eer.
God se werk vorder wanneer daar in gehoorsaamheid in Sy akker gearbei word. Woordverkondiging, uitleg, kategese, Doop, Nagmaal en tug is deel van die instrumente van God tot ons beskikking. Die genade moet sonder onderskeid aan almal gebied word. Dit is die mens se werk. God in Sy almag en genade roep wie geroep moet word.
Hierdie arbeid word gedoen sonder om daardeur aanspraak te maak op enige verdienste. Aan God alleen kom alle heerlikheid tot in ewigheid toe, vanweë die middele wat Hy gebruik en tot ons beskikking stel, sowel as vanweë die verlossende vrug en krag van die arbeid van gelowiges deur al die eeue.

Volgende keer kyk ons na die dwalinge wat uitgewys word ten opsigte van sake gestel in hoofstuk 3 en 4.